## 23 Maart Psalm 3

### *Slaap jy sleg? God help*

Hoe sal jy voel as jy vir jou eie kind moet vlug? Jou eie kind wil jou doodmaak! Dawid beskryf hier die benarde posisie waarin hy verkeer. Absalom, sy seun, vervolg hom. Hy het baie vyande. Baie van sy onderdane is in opstand teen hom. Hulle spot hom, selfs oor sy vertroue in die Here. "Van God kom daar vir jou geen hulp nie". In hierdie moeilike omstandighede hou Dawid aan God vas. In gevaar beskerm U my aan alle kante. U is rondom my. U antwoord as ek roep. Daarom is ek nie bang vir tienduisende mense wat op my toesak nie.

As 'n mens bang is of bekommerd is, dan slaap jy moeilik. Hoeveel keer lê jy nie en rondrol op jou bed en worstel met jou probleme nie! In krisisse en beproewings is jou slaap weg. Bekommernis beroof jou juis van jou slaap.

Al word Dawid beproef slaap hy nie sleg nie. In gevaar slaap! Is dit moontlik? Ja, want die Here sorg vir my (vers 6). Die laaste vers vat die hele Psalm saam. Hulp kom net van die Here af! God se hulp trek saam in Jesus Christus. Hy nooi vermoeides en belastes na Hom toe. Kom, almal wat moeg en oorlaai is. Ek gee rus. Krag na kruis. In jou nood, jou slapeloosheid en jou bekommernis moet jy bid: "Kom tog Here, help my, my God".

En God sal dit met jou goed laat gaan.

Hulp, ware hulp, kom net van die Here af!

Sing: Psalm 3:1, 2

Ds. W. Vogel (Welkom)